Projek bring hoop

NOKKI UPINGTON het vier rekenaars en twee drukkers van R20 000 van Seesa, een van die land se grootste arbeids-en-SEB-konsultantegroepe, ontvang. Die rekenaars en drukkers sal gebruik word vir rekenaaropleiding van kinders in agtergeblewe gemeenskappe. Dit is deel van Nokki se Convoy of Hope-projek. Voor sit Michael Williams en Stanley Sass, twee van die kinders wat opleiding gaan kry, en agter staan mnr. Darren Grobler, ondervoorsitter van die Convoy of Hope-komitee, me. Lesley Nugent, voorsitter, me. Salome Haasbroek, koördineerder, en me. Elmien Potgieter, Seesa se skakelbeampte in sy hoofkantoor in Johannesburg.

FOTO: ANDRÉ BOTHA